

## **Tema: Bid soos die Gestuurde**

### **Woordbediening: Johannes 17:1-27**

Die gebed van Jesus in Joh 17 is meer as net 'n voorbeeld van 'n gebed. Dis werklik deur Hom gebid en ons beleef nog steeds die verhoring daarvan. Om “soos Jesus te bid” vra dat ons as gestuurdes van Jesus met dieselfde oorgawe sal bid vir dit waarvoor Jesus as dié Gestuurde van die Vader gebid het.

#### **1. Vir die eer van God (v 1-5)**

As Gestuurde van die Vader moés Jesus die werk waarvoor Hy gestuur is afhandel. Hy, wat die Vader ken, moet Hom reg bekend stel aan die mense. Dis sy opdrag. Daarom bid Hy ook vir dit wat Hy gestuur is om te doen – nl, om die Vader te verheerlik. Hy kan dit egter alleenlik doen as die Vader van sy kant die Seun verheerlik deur die Seun se werk te aanvaar, Hom uit die dood op te wek en Hom te laat deel in sy heerlikheid. Daarom bid Hy ook daarvoor.

As gestuurdes van die Seun mag ons tot Hom bid en alles vra wat ons nodig het om Hom te verheerlik deur die evangelie van God uit te dra en uit te leef.

#### **2. Vir die getrouheid en bewaring van die wat aan God behoort (v 6-19)**

Hier bid Jesus vir die dissipels wat reeds in Hom en sy woorde glo en so wys dat hulle God se eiendom is en nie aan die wêreld behoort nie. Hy bid vir hulle bewaring, vir hulle eenheid (soos die eenheid van die Godheid!), vir hulle toewyding aan die waarheid(die evangelie), sodat hulle aan God toegewyd kan wees.

As eiendom van Christus mag en moet ons bid vir ons bewaring in die Naam van die Vader, vir ons eenheid in Hom en toewyding aan Hom. Alleen so sal ons as gestuurdes van die Seun ons opdrag kan voltooi, soos Hy gedoen het. Ons leef immers in 'n wêreld wat ons haat en is altyd blootgestel aan die magte van die Bose.

#### **3. Vir die wat nog sal glo en hulle eenheid en geloofwaardigheid (v 19-27)**

Hier bid Hy vir die wat nog in die toekoms in Hom sou glo. Ons mag die sending-fokus van sy gebed nie miskyk nie. Hy bid vir hulle eenheid, “sodat die wêreld kan weet...”. Die afskynsel van die heerlike drie-eenheid van God moet weerkaats word in die lewe van sy gemeente hier op aarde. Dis alleen moontlik deur gebed en die verhoring van daardie gebed.

Durf ons ook so iets van God vra? In navolging van Jesus, ja. Allereerste deur onself biddend daarvoor te gee dat die Heilige Gees ons verander om saam as geestelike liggaam van Christus sy werk hier op aarde voort te sit.